

## 7 Januarie - ABRAM / ABRAHAM

**Skrifgedeelte: Hebreërs 11:8-19 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 11:17-19**

**G**lo u werklik dat God by magte is om lewe uit die dood te wek? Glo u werklik dat God die onmoontlike kan doen? As God lewe uit die dood kan wek, dan kan Hy mos die onmoontlike doen! Dit is een ding om te sê dat jy dit glo, en dit is 'n ander ding om dit te glo soos Abraham dit geglo het.

Abraham is geweldig op die proef gestel deur God se opdrag dat hy sy seun moes offer. Isak was die seun van die belofte, die enigste manier waarop God sy belofte van 'n groot nageslag kon vervul. Nou het dit gelyk of God 'n streep deur sy eie belofte wil trek met sy opdrag om Isak te offer.

Met sy verstand sou Abraham nie dié twee dinge, wat lynreg met mekaar gebots het – God se belofte en God se opdrag – bymekaar kon bring nie. Maar daar waar verstand nie kan werk nie, moet geloof intree, die geloof dat God by magte is om die onmoontlike te doen, dat Hy selfs lewe uit die dood kan wek!

So glo ek ook die ontmoontlike: Ek glo dat Jesus vir my sondes gesterf het en dat Hy uit die dood opgestaan het. Ek glo dat ek saam met Hom gesterf het en saam met Hom opgestaan het in 'n nuwe lewe. Ek glo dat God die onmoontlike kan doen! Trouens, ek glo dat God reeds die onmoontlike in my lewe gedoen het deur van my 'n gelowige te maak!

Daarom weet ek ek kan selfs my toekoms op die spel plaas deur God onwrikbaar te gehoorsaam. Dit is juis wat geloof is: om God te gehoorsaam, selfs wanneer dit menslik gesproke geen sin maak nie! Sterkte daarmee!

*Sing: Psalm 105:4, 5 (1936-beryming)*

*Ds HPM van Rhyn (Pretoria-Noord)*